

**Dogmatiek en Christelike Etiek binne die
Fakulteit Teologie (Afd A) van die
Universiteit van Pretoria**

J H Koekemoer
Universiteit van Pretoria

Abstract

Dogmatics and Christian Ethics within the Faculty of Theology (Sec A) at the University of Pretoria

This article explores the history of the Department of Dogmatics and Christian Ethics within the Faculty of Theology. The focus is on two specific lines in this history, namely the period which ended in 1952 and the period from 1952 onwards. Attention is given to the thoughts of P J Muller, J H J A Greyvenstein, S P Engelbrecht, H P Wolmarans and B J Engelbrecht, and their influence on the study of Dogmatics and Ethics in the Department. The article concludes with a vision for the future of the Department at the University of Pretoria and it highlights the importance of theological research for the doctrine and life of the Church.

1. VERANTWOORDING

By 'n mylpaal soos hierdie, wanneer 'n teologiese fakulteit sy vyf en sewentigste bestaansjaar herdenk, is dit vir elke teologiese dissipline binne die Fakulteit van wesenlike belang om sy eie posisie te oordink. Vir die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek is so 'n teologiese evaluering van sy eie posisie om verskeie redes van betekenis. Nie alleen het daar oor die afgelope dekades 'n fenomenale progres-

sie in wetenskaplike argumentvoering na vore getree nie (Snyman & du Plessis 1987), maar het die situasie waarbinne teologie in die ruimte van die Ned Herv Kerk van Afrika bedryf word, nuwe eise na vore geroep (kyk oorsig in *Kerk en wêreld* 2000:1985). Wanneer dit in die beoefening van Dogmatiek om 'intellektuele helderheid door systematiese ordening' (Berkhof 1982:14) aan die een kant en om diens aan die kerklike verkondiging aan die ander kant gaan, sal bogenoemde twee sake beslis nie uit die oog verloor kan word nie. Enige dogmatikus wat tegelyk binne die kerklike ruimte en die universiteitsmilieu met sy vak besig is sal moet besin oor hoe hy kan vashou aan 'n kerklike tradisie waarvan hy onlosmaaklik deel is en tegelyk binne die wêreld van die Universiteit intellektuele integriteit kan behou. Dat daar van die ontstaan van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria 'n noue verbondenheid met die Ned Herv Kerk was, is nie te betwyfel nie (kyk Loader 1989:412-437).

Vir die Ned Herv Kerk was teologie nooit 'n esoteriese bedryf wat los van die kerk van waaruit en vir wie daar gereflekteer word, kan plaasvind nie. In die lig hiervan het B J Engelbrecht (1978:38) dan ook by sy ampsaanvaarding as hoogleraar in die Teologie, die taak van die Dogmatiek soos volg geformuleer:

Die denkdien wat agter hierdie worsteling om die suiwerheid van die leer, van belydenis lê, noem ons Dogmatiek. Maar nou is dit nie so dat hierdie geloofsbelydenis eens en vir altyd as 'n selfstandig-bestaande waarheid uitgespreek word nie. Hierdie belydenis is alleen dan waarlik belydenis wanneer dit lewende belydenis is, dit wil sê wanneer die kerk weer en weer opnuut luister na die Woord van God en weer en weer opnuut hierdie waarheid tot haar eie lewenswaarheid maak en uitspreek. Maar nou kan hierdie opnuut-luister en opnuut-bely nooit sinvol en deurdag gebeur sonder die denkdien van die Dogmatiek daaragter nie; nooit sonder die arbeid van die hele wetenskap van die Teologie nie.

Hierdie sistematiese deurdenkingsproses het binne hierdie fakulteit in noue verbondenheid met die Ned Herv Kerk van Afrika plaasgevind. Daarom is sinvolle verantwoording hier belangrik. 'n Verdere saak wat self na vore tree is die verbinding van twee vakke, naamlik Dogmatiek en Christelike Etiek, binne een Departement.

Die vraag wat beantwoord moet word is: Wat is die teologiese fundering vir so 'n verbinding en hoekom word dit steeds so gehandhaaf? As Dogmatiek die wetenskaplike besinning oor die Christelike geloof is, is Etiek dan die wetenskaplike besinning oor die gelowige optrede? (Berkhof 1982:48).

Al bogenoemde eise ten opsigte van wetenskaplike argumentvoering, kerklike verbondenheid, werklikheidsbetrokkenheid en die ekonomiese klimaat waarbinne

dit gevoer word, maak 'n nadenke oor 'n realistiese benadering tot die vakwetenskap vir die Dogmatiek binne die teologiese fakulteit 'n prioriteit. Om uiteindelik in die jare wat voorlê hieraan reg te laat geskied moet die historiese raamwerk waarbinne die beoefening van die vak geword het wat dit is, in oënskou geneem word.

2. DOGMATIEK AAN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE (AFD A) AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA TOT 1952

Die beoefening van die Dogmatiek aan die teologiese fakulteit val duidelik in twee fases uiteen. Alhoewel daar 'n vanselfsprekende verband tussen die twee fases bestaan en die een noodwendig uit die ander voortspruit, is daar ook bepaalde verskille aan te dui. Die eerste fase het aan die begin van 1952, met die benoeming van prof B J Engelbrecht ten einde geloop. Hy sou as eerste voltydse hoof van en professor in die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek sy eie stempel op die beoefening van die vak aan die Universiteit van Pretoria afdruk. Die afwesigheid van 'n selfstandige departement voor 1952 het egter nie vanselfsprekend aangedui dat die vak hoegenaamd nie aan die orde gekom het nie. Inteendeel, dit is insiggewend om daarop te let dat voor die vestiging van die teologiese fakulteit, dit die dogmatikus P J Muller was, wat met die teologiese opleiding van predikante vir die Ned Herv Kerk hier te lande begin het (kyk Engelbrecht 1952:271; Loader 1989: 421). B J Engelbrecht (1952:271) stip in 'n artikel die belangrikste werke van Muller aan, terwyl C J Mans op 'n proefskrif oor hierdie dogmatikus promoveer (Mans 1967).

B J Engelbrecht (1966:62) beskou Muller se Dogmatiek en daarom ook die invloed wat hy hier te lande uitgeoefen het as dat hy 'sekuur en getrou weergegee het wat ander voor hom dogmaties geleer het'. Hy gaan voort deur aan te toon hoe Muller se Godsleer 'n goeie voorbeeld is om die genoemde stelling te bewys, aangesien dit 'n baie getroue weergawe van Calvyn se Godsleer is. Wat die invloed van Muller in die Ned Herv Kerk betref, moet dit veral in gedagte gehou word dat hy sterk daarvoor gevoel het dat die uitgangspunt in die Dogmatiek kerklik-konfessioneel moet wees (Mans 1967:494). Loader (1989:431-436) wys tereg daarop dat dit van die begin af duidelik word dat die teologie wat aan die teologiese fakulteit (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria bedryf is, die karakter van 'n 'derde opsie' en dan meer bepaald dié van die Eriese Teologie sou vertoon. Dan verstaan hy 'eties' in die bepaalde teologiese rigting so dat dit nie 'sedelik' beteken nie, 'maar dat die wese van die waarheid vir hulle in die sentrum van belangstelling staan' (Loader 1987:48). Hier is 'n derde opsie tussen modernisme en ortodoksisme. Dit is duidelik dat Muller se teologie ook in hierdie rigting gedui het. In 'n tyd toe Dogmatiek

dikwels los van die kerk beoefen is, is dit van betekenis om van Muller se konfessionele uitgangspunt, sonder om konfessionalisties te wil wees, kennis te neem.

C J Mans (1967:483) argumenteer dat 'n ander saak in Muller se Dogmatiek waarvan kennis geneem moet word sy aandrag was dat in 'n studie van die Dogmatiek sterk klem op die Christelike geloofslewe gelê moet word. Die gevolg hiervan was dat hy die taak van die Dogmatiek nie soseer daarin gesien het om die Bybelse leer sistematies te ontvou nie, maar eerder daarin om die ervaarbare geloofslewe soos dit sy neerslag gevind het in die kerklike dogma te beskryf en te verklaar.

As nou in gedagte gehou word dat Muller se 'Handboek der Dogmatiek' vir 'n hele aantal jare 'n voorgeskrewe werk vir die studente aan die Fakulteit Teologie (Afd A) was, word die belangrikheid van Muller se uitgangspunte op die voorgrond geskuif. Hy sou lank nadat hy weg is, nog steeds sy beskouinge oor die Dogmatiek op dié wyse in die Hervormde Teologiese opleiding indra.

Die logika vir die voorskryf van hierdie bron in die studie van die Dogmatiek was daarin geleë dat dit volledig was in die sin dat al die loci van die Dogmatiek daarin aan die orde gekom het, en dat dit spesifiek geskryf was met die oog op studente.

Mans (1967:493) oordeel tereg dat Muller se dogmatiese denke 'n groot invloed uitgeoefen het in die teologiese koers van die Ned Herv Kerk. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat die koers van die dogmatiese denke in die vroeë stadium van die Fakulteit se geskiedenis grootliks uit hierdie koers gerig was. Mans (1967:494) het hier veral professore J H J A Greyvenstein en S P Engelbrecht, wat in die jare waarin Muller se boek voorgeskryf was, die dosering van die Dogmatiek behartig het, in die oog. Prof Greyvenstein het vir baie jare, tot met sy aftrede in 1945, die onderrig in Dogmatiek behartig. Volgens die Universiteit se jaarboeke was Greyvenstein professor in 'Nuwe Testamentiese Godgeleerdheid en Eksegese' (1926) en 'Christelike Etiek, Nuwe Testament Eksegese en Teologie' (1931). B J Engelbrecht (1966:63) oordeel dat dit moeilik is om vas te stel wanneer Greyvenstein presies begin het om Dogmatiek te doseer, omdat die jaarboeke van die middel-twintigerjare tot 1933 aandui dat prof E MacMillan 'Apologetiek' (1926) of 'Filosofie van die godsdiens' doseer het, terwyl Dogmatiek nêrens spesifiek genoem is nie. Dat Dogmatiek egter nie agterweë kon gebly het nie is duidelik af te lees uit die feit dat die Ned Herv Kerk vir sy eie opleiding vroeg reeds, naas die studie van Hebreeus en Grieks, die uitleg van die Ou Testament en die Nuwe Testament, ook Leerstellige Godgeleerdheid as 'n prioriteit gestel het (Loader 1989:425).

Hierdie afleiding word versterk deur die feit dat, alhoewel Dogmatiek in 1934 nog nie as een van die kursusse aangegee is nie, 'n student wel 'n onafhanklike stu-

die in BD 3 uit die vakgebied van die 'Dogmatiese Teologie' onderneem het (Engelbrecht 1966:64).

Teen hierdie agtergrond sou Greyvenstein dan die onderrig in Dogmatiek aan die Fakulteit behartig het. Engelbrecht (1966:63) is van oortuiging dat Greyvenstein se dogmatiese denke gestaan het onder die teken van die mense se absolute afkanklikheid van God. Dit strook met wat Loader (1989:427) oor Greyvenstein stel:

Hy was 'n Kaapse rebel, wie se simpatie met die Afrikanersaak dus bo twyfel was, en hoewel hy aan Stellenbosch gestudeer het, het hy in Utrecht gepromoveer in dieselfde teologiese atmosfeer as dié waaruit Goddefroy, Van Belkum, Fourie en ander predikante uit die ou bedeling (soos van Drimmelen) gekom het. Sy proefskrif, *Het sociale utilisme van Bentham*, verteenwoordig die beginpunt van sy lewenslange belangstelling in die etiek. Hy het juis groot waardering gehad vir die prominente leiersfiguur onder die etiese teoloë, Valeton jr, wat onder sy leermeesters getel het.

'Ook S P Engelbrecht het van tyd tot tyd (o a van 1948-1951) hom met die onderrig van die vak Dogmatiek besig gehou' (Engelbrecht 1966:64). 'Waar Greyvenstein die invloed van Valeton ondergaan het, was Engelbrecht een jaar laat om hom mee te maak. Hy het egter blywend onder die invloed van Valeton se vertroueling en ewe bekende leier van die etiese beweging, H Th Obbink, gekom en jare lank goeie betrekkinge met hom onderhou' (Loader 1989:428).

Engelbrecht was dan ook sterk teen die modernisme gekant en derhalwe is in sy aanbieding van die Dogmatiek sterk op die belangrikheid van die historiese agtergrond van die leerstukke en die belydenisskrifte gefokus. Dit is nogal insiggewend om die beskouing van Engelbrecht oor Muller hier in herinnering te roep. Volgens Mans (1967:494) noem hy hom 'n 'etiese ortodokse', 'n 'etiese regse' en selfs 'n 'konfessionele dogmatikus', 'n dogmatikus wat beslis tot die Etiese rigting behoort het, maar dan die regse etici wat meer ortodoks-konfessioneel was en nie tot die latere etici wat meer na die moderne rigting beweeg het nie.

In die fase van die Fakulteit se geskiedenis voor 1952 is die persoon en werk van prof H P Wolmarans vir die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek ook van belang. Alhoewel hy self nooit Dogmatiek doseer het nie, is sy waarde daarin geleë dat hy die eerste dosent aan die fakulteit was wat van die dialektiese teologie kennis geneem het. In die dosering van sy eie vak het dit sterk op die voorgrond getree; derhalwe het dit so 'n invloed op van sy studente uitgeoefen, dat hulle dit binne die dogmatiese studie ook vrugbaar gemaak het. By Wolmarans is daar klanke gehoor soos 'Openbaring', 'Absolute kwalitatiewe verskil tussen Skepper en skepsel', 'geloof' en 'Woord van God'. Die Barthiaanse gedagtes oor die wêreld van God en

sy Selfopenbaring in sy Woord en die wêreld van die mens in sy selfgenoegsaamheid en eiegeregtigheid het hy vir studente verwoord (Engelbrecht 1966:65). Tussen hierdie twee wêreldes was daar vir hom, net soos vir Barth, 'n oneindige kwalitatiewe verskil wat beteken het dat God nie in die verlengstuk van die menslike voorstelling gesoek kan word nie. Hierdie beskouing van Wolmarans was so pakkend dat die beoefening van die Dogmatiek binne die Fakulteit nie daaraan kon ontsnap nie.

Prof C H Rautenbach wat in die filosofie gespesialiseer het, was ook betrek as dosent by die Fakulteit Teologie. Sy invloed binne die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek sou waarskynlik veral daarin na vore tree dat hy eweneens hom nooit met rigiede ortodokse strominge aan die een kant en die sogenoemde 'liberale teologie' aan die ander kant kon identifiseer nie (Loader 1987:47).

Dit lyk dus of die invloed van die etiese rigting in die Fakulteit Teologie, wat die vakgebied van die Dogmatiek betref, in die eerste fase besonder sterk was. Daarby moet die kennisname van die dialektiese teologie, deur die persoon van H P Wolmarans, wat die Dogmatiek betref, ook aangedui word.

3. DOGMATIEK EN CHRISTELIKE ETIEK SEDERT 1952

In 1952 is B J Engelbrecht benoem as professor in en hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek. Omdat die Departement Dogmatiek toe vir die eerste keer 'n selfstandige departement met 'n voltydse dosent in die Fakulteit geword het, is dit byna vanselfsprekend dat Engelbrecht baanbrekerswerk verrig het in die vestiging en uitbouing van die Departement. Vir sewe en dertig jaar, tot 31 Desember 1988, het hy die gang van die Departement bepaal en 'n direkte invloed uitgeoefen op die dogmatiese denke binne die Fakulteit en in die kerk. Miskien leef ons nog te naby aan hom om nou al aan 'n kritiese waardering van sy werk te laat reg geskied. Wanneer groter afstand bereik is, sal die gang van die geskiedenis self oor sy bydrae uitspraak lewer. Tog kan die vyf en sewentigjarige fees van die Fakulteit nie gevier word sonder om, al is dit dan voorlopig, iets oor die lewe en werk van Engelbrecht te sê nie.

Barend Jacobus Engelbrecht is op 1 Augustus 1923 in die distrik Heidelberg, Transvaal, gebore. Hy matrikuleer in 1940 in die eerste klas aan die Hoër Volksskool Heidelberg. Hy skryf hom in aan die Universiteit van Pretoria met die doel om predikant in die Ned Herv Kerk van Afrika te word. Aan hierdie Universiteit behaal hy die grade BA (met lof) in 1943 en BD (met lof) in 1946. Hierna vertrek hy na Nederland waar hy aan die Rijksuniversiteit te Groningen die kwalifikasie Drs Theol (met lof) in 1949 behaal en hy promoveer in dieselfde jaar tot doktor in die teologie met 'n proefskrif getiteld *Die tydstruktuur in die gedagtekompleks Hegel-Kier-*

kegaard-Barth. Hierna keer hy na Suid-Afrika terug waar hy op 18 Februarie 1950 georden word as predikant van die Ned Herv Kerk met die gemeente Florida as standplaas. Hy bearbei die gemeente tot hy in 1952 die benoeming as hoof van en professor in die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek aanvaar.

Sy proefskrif adem die gees van indringende wetenskaplike navorsing en nadenke, en volgens Oberholzer (1988:265) toon hy reeds hier 'watter omvattende en deurdringende wetenskaplike arbeid van hom te wagte sou kon wees'. Alhoewel hy in die godsdiensfilosofie promoveer, gee sy proefskrif ook al blyke van sy kennis van die Dogmatiek en die uitwerking van leerstellige motiewe op menslike denke. Dat in sy eie denke die kerklike verkondiging van wesenlike belang is, onderstreep hy dan ook, selfs in 'n proefskrif in die godsdiensfilosofie. Wanneer dit in die proefskrif vir hom gaan om 'n struktuur, in dié geval die tydstruktuur, uit sy vervlegtheid uit te lig om dit tot helderheid en tot spreke te bring, dan is sinvolle spreke vir hom spreke in diens van die verkondiging van die kerk (Engelbrecht 1949:71). Hierdie sinvolle spreke in diens van die verkondiging van die kerk sou hy later ten opsigte van Dogmatiek soos volg formuleer:

Die teologiese wetenskap in die algemeen, en daarmee ook die vak-wetenskappe Dogmatiek en Teologiese Etiek, is by herhaling deur verskillende teoloë gedefinieer as vertaalwerk. Ook onself het in verskillende artikels gestel dat die taak van die prediking dit is om die oeroue boodskap van die Bybel op verstaanbare wyse vir die moderne mens te bring sonder om die werklike wese van daardie boodskap skeef te trek. Die taak van die Teologie (as denkdienste vir kerk en verkondiging) is dan om die boodskap van die Bybel in sy konteks suiwer te ontsyfer en om dit dan in die moderne situasie tot spreke te bring.

(Engelbrecht 1982a:25)

Teologie (en daarmee ook die Dogmatiek en Etiek) het vir hom sinvolle spreke vanuit die Woord van God tot die mens gebly. Dit is vir hom nie alleen 'n teoretiese kennis nie, maar 'n 'prakties-eksistensiële' lewensvorm wat beide die spreker en die toehoorder in die ligkring van die waarheid betrek (Engelbrecht 1978:2).

Soos dit al in sy proefskrif na vore tree, het die teologie van Karl Barth hom aangetrek. 'n Goeie voorbeeld van sy waardering vir Barth is seker die feit dat hy by die vyftigste verjaardag van die Fakulteit in 'n artikel 'n huldeblyk aan Karl Barth lewer (Engelbrecht 1966:62-78). Hierin kom duidelik na vore dat die grondmotiewe en perspektiewe in Barth se Dogmatiek wat hom aangetrek het, veral die volgende was:

- * Dogmatiese besinning word gebore uit die 'nood van die prediking'. Daar is derhalwe 'n sterk verbondenheid tussen kerk en Dogmatiek.
- * In hierdie soekende nood moet daar na die Woord van God teruggegaan word. Dit is die Woord wat die Reformatore die enigste en genoegsame bron en maatstaf van al ons denke en spreke oor God, van ons geloof en van ons lewe genoem het. Daar moet onthou word dat hierdie soeke nooit 'n afgehandelde saak is nie, en dat ons die resultate daarvan nooit in ons sak het nie. Hierdie soekende worsteling word altyd weer opnuut onderneem in die vaste vertroue dat God sy belofte dat Hy Hom deur sy Woord aan ons sal openbaar, waar sal maak.
- * Daar is 'n oneindige kwalitatiewe verskil tussen God en mens. God is die Gans Andere wat nie in die verlengstuk van die menslike denke lê nie. Daarom kan 'n mens nie oor God praat deur bloot met 'n harde stem oor die mens te praat nie.

Ook wanneer God Hom aan ons openbaar, dan bly God altyd God (Kuter), dan bemagtig ons Hom nooit nie, maar dan bly God nog altyd die groot Verborgene (Deus Absconditus – Luther) oor wie ons nooit reglynig (wat dieselfde is as 'selfgenoegsaam', 'vanselfsprekend') kan spreek nie, maar van wie ons altyd alleen maar dialekties kan praat.

(Engelbrecht 1966:68)

Vir Engelbrecht beteken 'dialekties' nie maar net 'n metodiese 'ja' en 'nee' nie. Dit is gegrond in 'n dialoog waarin God eerste gepraat het en die mens alleen maar kan na-praat. Aan hierdie interpretasie van dialektiek het Engelbrecht dwarsdeur sy akademiese loopbaan getrou gebly. Vir hom was teologiese spreke nooit iets anders as na-spreke nie. Die mens praat nadat hy geluister het en dan praat hy in verantwoordelikheid teenoor Hom wat hom aangespreek het.

- * Die Bybel is die enigste outentieke getuienis van die soewereine God, wat altyd God bly, ook in sy Openbaring, in sy Woord.
- * Die Openbaring van God mag nooit gedegradeer word tot iets *diesseitigs* wat 'n mens as 'n *habitus* kan besit en kan uitbrei of aanvul met sy eie verstandelike vermoë, ervaring of gevoel nie.
- * Vanuit die Christologie kan alle ander teologiese probleme denkend deurlig word. Van hieruit is Engelbrecht se uitspraak in sy klasaantekeninge, dat 'n dwaling in die Christologie spoedig 'n dwaling in die ander loci van die Dogmatiek tot gevolg het, dan ook verstaanbaar.

- * Voordat 'n persoon oor die mens en sy vermoëns praat moet hy eers leer om te luister na daardie Woord wat God in die Woord, dit wil sê in die lewende Woord Jesus Christus, gespreek het.
- * Die gees van die modernisme en liberalisme op teologiese gebied is 'n 'Krankheit zum Tode'.

Engelbrecht het dan ook fel te velde getrek teen enige teologiese denkrigting wat in hierdie koers beweeg het. In die lig hiervan moet sy kritiek teen die 'Social Gospel', asook die 'Nuwe Teologie' verstaan word (Engelbrecht 1978:222-238). Alhoewel hy waardering het vir die erns waarmee die 'Nuwe Teologie' die evangelie vir die moderne mens hoorbaar wil maak, is dit vir hom 'n uitgemaakte saak dat die moderne mens met sy lewenshouding en lewensbeskouing so sentraal gestel word, dat dit die hart van teologiese besinning aantast. Hy spreek dan ook die hoop uit dat hy weer die dag sal beleef dat die Bybel weer 'volgens sy natuurlike sin', soos Calvyn dit genoem het, 'in sy volle omvang verstaan en tot spreke gebring sal word en dat die "transcendente dimensies" van die evangelie weer tot volle reg en gelding sal kom' (Engelbrecht 1982c:13).

Hy het geoordeel dat hy in Barth se teologie 'die egte voortsetting van die grondlynne van die Reformasie gehad het, van die sola revelatione, sola Scriptura, sola gratia, sola fide en soli Deo gloria' (Engelbrecht 1982c:12). Daarenteen oordeel hy dat in baie moderne teologiese fakulteite 'die mens met sy vryhede, vermoëns en regte al meer en meer in die middelpunt van die teologie te staan begin kom' (Engelbrecht 1982c:12). Die gevolg van die verskuiwing is dat 'Teologie [die spreke van God en van daaruit spreke oor God] antropologie [die spreke van en oor die mens] geword het, en die vertikale perspektief en transcendente werklikheid volkome horisontaal en "diesseitig" geword het' (Engelbrecht 1982c:12).

'n Vraag wat hom steeds na vore dring is waarom Engelbrecht, wat so geskool was in die idioom van die dialektiese teologie, so weinig daarvan in sy publikasies en sy lesings na vore laat tree het? Waarom het hy volstaan met die Calvyn-idioom? Gedeeltelik is die antwoord seker in die voorafgaande gegee en daaruit af te lees: Hy het alleen reg laat geskied aan sy oordeel dat in die teologie van Barth daar weer dieselfde waarheid weerklink het wat in die Reformatoriese teologie na vore gebring is. Vir hom het Barth niks anders verwoord as dit wat Calvyn verwoord het nie. Hy het dit wel op 'n nuwe wyse gedoen, maar het niks aan die waarheid van die evangelie ingeboet nie. Daarenteen was hy bevrees daarvoor dat 'n afwyking hiervan op niks anders sou uitloop as dat die mens se welvaartstaat en utopie die hemel van God sou insluk nie en dat die geskiedenis van die mens die ewigheid van God sou vervang en dat versoening en bevryding in dié proses niks meer as 'n intermenslike en politieke aangeleentheid sou word nie (Engelbrecht 1982c:12).

'n Ander rede is klaarblyklik geleë in sy beskouing dat voordat enige student van die Dogmatiek kan laat reg geskied aan watter beroemde teoloog of teologiese gedagte-wêreld ookal, hy eers deeglik geskool moet wees in die grondbeginsels van die Reformatoriese teologie: Daarom sy groot klem op Calvyn en die Calvinistiese beydenisskrifte. Of hierdie beskouing die toets van kritiese evaluasie kan deurstaan, val buite die bestek van die artikel en, soos vroeër gemeld, sal eers groter afstand van die persoon en werk van Engelbrecht verkry moet word voordat so 'n evaluasie met oorleg en billikheid kan geskied.

Daar dien ook gemeld te word dat Engelbrecht op baie terreine van sy vak gepubliseer het. In die vorming van kerklike denke en verkondiging het hy groot invloed uitgeoefen. Sy kerklike advies op vele terreine kan in herinnering geroep word en laat reg geskied aan sy uitgangspunt dat die Dogmatiek die kerklike verkondiging moet dien. In hierdie verband verdien sy nadenke oor die kerklike leer aangaande die Triniteit (Engelbrecht 1963:138-189), die eenheid van die kerk (Engelbrecht 1978:185-294), kerk en ekumene (Engelbrecht 1978:211-221) en sy vele artikels oor die belydenisskrifte, besondere vermelding. 'n Volledige lys van sy publikasies is te vind in die *Hervormde Teologiese Studies* (Oberholzer 1988:268-274). Sy kritiese nadenke oor die ekumene het 'n besliste invloed uitgeoefen op die Ned Herv Kerk se besluite in die verband.

Wat die Christelike Etiek betref het hy ewe-eens sy invloed laat geld. Benevens vele artikels op dié vakgebied kom sy eie beskouing die beste na vore in 'n referaat wat hy oor die vakterrein in 1974 voor die predikantevergadering gelewer het (Engelbrecht 1982b:61-72). Hierin sny hy veral die probleem aan wat draai rondom die verhouding van die Bybel en etiese besluitneming. Ook hier is die Heilige Skrif vir hom die maatstaf van geloof en lewe en van hieruit het hy steeds op die vakterrein van die Christelike Etiek antwoorde gesoek en sy invloed laat geld.

Alhoewel sy twaalfde stelling by die verdediging van sy proefskrif in 1949, naamlik 'In intellektuele en kulturele kringe moet Afrikaners daarop let dat hulle nie uit die motief van "kultuur", en op grond van die faktiese samevalling van kerk en kultuur op prinsipiële-noodwendige samehang van beide besluit nie' (Engelbrecht 1949:xii) tot versigtigheid in die verhouding 'kerk en kultuur' maan, het hy hom nooit losgemaak van die Afrikanerkultuur nie. Ook hier het hy vanuit sy vakgebied leiding gegee en het hy die kerk se nadenke in die verband help vorm.

4. 'N TOEKOMSBLIK

Teen hierdie agtergrond is die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria gevestig. Vir 'n periode van agtien maande sou

G C Velthuysen as mede-professor en, na die aftrede van B J Engelbrecht, sedert 1989, J H Koekemoer, as Departementshoof, vanuit hierdie tradisie die besinning oor die Dogmatiek vir hede en toekoms voortsit. Soos Karl Barth, en in hierdie Fakulteit, B J Engelbrecht, moes worstel om die dik mure van negentien eeue tussen hulle en die apostels weer deursigtig te maak sodat hulle teologiese besinning tot vrug van die kerklike verkondiging kon kom, so sal voortgegaan moet word met hierdie worsteling in die geloofsvertroue dat God sy belofte dat Hy Hom aan die mens sal openbaar deur sy Woord, waar sal maak. Dit sal in die Dogmatiek nie anders kan wees nie, omdat dit tegelyk die nood en die behoefte van die prediking van die Woord behels. Kerklike verbondenheid bly dus hier van betekenis. Op die wyse waarop die vak aan hierdie Fakulteit bedryf is en word, kan Dogmatiek nie sonder die konnaessionele dimensie bestaan nie. Dit kan nie sonder die verworteling in 'n lewende kerk met sy tradisie leef nie. 'n Dogmatikus wat hom op hierdie spoor bevind en homself bo die konnaessie wil stel, stel homself buite die realiteit van waaruit, waaroor en waarvoor hy wil reflekteer (Berkhof 1982:22). Al is dit dan waar dat die teologie ook die denkstromeinge van die tyd weerspieël en dat die 'ewige' waarmee die teologie hom besig hou nie kan verhinder dat die spore wat die teologiese denke in die tyd nalaat sterk ooreenkomste met die denke van die tyd vertoon nie (du Toit 1988:36) bly dit ook waar dat daar steeds geworstel word met die sistematiese deurdenking van die heil wat daar in Christus is (Berkhof 1982:13).

Die verhaal van God se heilshandeling met die mense moet voortgedra word deur die kerk net soos dit tot op hede ook deur die kerk voortgedra is. Hierdie voortdra van die ewangelie het in die verlede binne die kerk telkens lewende geloofsbelydenisse geword. Vandag moet hierdie verhaal nog altyd so voortgedra word dat dit telkens opnuut weer in 'n lewende belydenis na vore tree. Dit is juis in hierdie verband dat die Dogmatiek aan die Universiteit van Pretoria binne die konteks van die Ned Herv Kerk 'n bydrae sal moet lewer. Die dieptepeilinge en die beslissinge van kerk en konnaessie moet deurdink word en tot spreke gebring word, ook binne 'n moderne wêreld. Natuurlik moet dit steeds vanuit die Skrif wat hierdie dogmatiese denke en konnaessionele tradisie kan komplementeer, kritiseer en relativer, gebeur. Hierin lê 'n opwindende taak vir die Dogmatiek ook wat die toekoms betref, want of die mens staan in die geloof (*fides qua creditur*) en probeer verstaan wat hy glo (*fides quae creditur*), of hy staan buite die geloof, en verstaan niks van hierdie opwindende soeke en vind om dan te bely dat hy reeds vantevore gevind is nie (Koekemoer 1989a:411).

Dit gaan immers in die Dogmatiek om die groot dade van God. Maar hierdie dade gaan die mens aan – hy is nie net 'n toeskouer nie, hy moet eksistensieel daardeur gegryp word. Die Woord het immers mens geword. Daarom sal 'n dogmatikus

ook iemand moet wees wat eksistensieel gegryp is en wat hierdie vasgrype van God in 'n gemeente beleef het (Koekemoer 1989b:10).

By 'n toekomsblik oor hierdie Departement se taak binne die konteks van kerk en Universiteit is 'n woord van Berkhof (1982:61) gepas. Want in die tyd waarin ons leef is daar 'n oneindige drang tot aktualiteit in die Dogmatiek. Daar is eise om te reflekteer oor revolusie, bevryding, emansipasie en nog baie meer. Die eis is dat aangetoon moet word hoe hierdie sake die evangelie bevestig. Juis wanneer die Dogmatiek hieraan gehoor gee, word sy taak van teenspel, waarmee hy staan en val, prysgegee. Dan verslind die tyd die ewigheid. Natuurlik sal die Dogmatiek hierdie vrae moet hanteer, maar dit sal nie daarin kan opgaan nie. Die antwoord van die Dogmatiek kom immers uit die Woord, wat hierdie vrae te bowe gaan, begrens en omvorm. Dit is juis aan hierdie konflik tussen Woord en tydsvraag waaraan die Dogmatiek ook diensbaar moet wees. Dit beteken dat daar in die tyd ook ruimte gelaat moet word vir die oormag van die ewigheid. Die aktuele vrae moet omgebuig word na Christus toe. Wie die omgekeerde doen verraaï die opdrag van die Dogmatiek (Koekemoer 1989b:10). In 'n dialektiese spel kan aktualiteit en ewigheid in dogmatiese denke saamgaan. Wie met hierdie saamgaan vanweë die vleeswording van die Woord erns maak, sal telkens ontdek waar die grense van hierdie deurdenking in en vir die eie tyd lê. Dit is die uitdaging vir leer en lewe wat voor vandag se mens lê.

Die vraag of Dogmatiek 'n plek aan die Universiteit moet hê, sal beantwoord moet word vanuit die wetenskapsbegrip wat aan die spesifieke Universiteit geld. Daar moet uitgemaak word of daar in die wetenskapsbegrip plek is vir die besprekbaarheid van die vraag aangaande God. Tot nou toe was dit goed moontlik aan die Universiteit van Pretoria. Wat dit betref sal daar in die vakwetenskap van die Dogmatiek erns gemaak moet word met wetenskaplike vraagstelling en metodologie. In gesprek met die wetenskapsteorie sal hier aangedui moet word hoe werklikheidsbetrokke teologiese uitsprake is. Die probleem met die Dogmatiek is dat dit met 'n 'werklikheid' te doen het wat nie sintuiglik en kontroleerbaar voorhande is nie. Juis dit maak dit vir die Dogmatiek so belangrik dat hy op die gebied van die metodologie suiwer en korrek moet argumenteer. Hierdie argumente moet duidelik en logies wees vir almal wat daarna wil luister. Soos reeds gestel vind die arbeid van die Dogmatiek en die Christelike Etiek tussen twee pole plaas: Die een pool is die openbaring van God wat in die Heilige Skrif betuig word; die ander pool is die mens tot wie hierdie openbaring gerig is. Die taak van die Dogmatiek is nou, soos reeds gestel, enersyds om toe te sien dat die openbaring die moderne mens tref. Andersyds moet in die arbeid in die Departement wetenskaplike gestrengheid na vore tree. Dit kan geleë wees in die omsigtigheid waarmee relevante sinsamehange van die openbaring

en die relevante sinsamehange van die menslike eksistensie ten opsigte van 'n bepaalde probleem oopgedek en op mekaar betrek word.

Op hierdie wyse kan die Dogmatiek tot sinvolle uitsprake kom, maar nie tot finale uitsprake nie. Die gesprek oor God en die mense gaan immers voort (Ott 1981:88). Daarom is die uitsprake in die Dogmatiek en ook in die Christelike Etiek altyd voorlopig – dit geld tot verdere kennisgewing. Dit is so omdat die voorwaardes waaronder die uitsprake gemaak word aanhoudend verander. Die mens en sy situasie verander voortdurend en daarom verander die duiding van die openbaring telkens, want dit kom telkens in 'n nuwe situasie ter sprake. Juis dit vra van die teologie telkens nuwe antwoorde. En in hierdie spel neem die Dogmatiek en die Christelike Etiek ook deel en bly so diensbaar aan kerk en teologie.

Literatuurverwysings

- Berkhof, H 1982. *Inleiding tot de studie van de Dogmatiek*. Kampen: Kok.
- Du Toit, C 1988. Aspekte van die post-modernistiese idioom in die teologie. *Theologia Evangelica* 21/3, 36-50.
- Engelbrecht, B J 1949. Die tydstruktuur in die gedagtekompleks: Hegel-Kierkegaard-Barth. Ongepubliseerde proefskrif, Groningen.
- 1952. Professor dr P J Muller as Dogmatikus. *HTS* 9, 271-282.
- 1963. Enkele dogmatiese opmerkings oor die kerklike leer aangaande die Triniteit. *HTS* 19, 138-189.
- 1966. Vyftig jaar Dogmatiek – 'n huldeblyk aan Karl Barth. *HTS* 22/4, 62-78.
- 1978. *Teologie in die Kerk*. Pretoria: HAUM.
- 1982a. Nuwere ontwikkelings op die gebied van die Sistematiese Teologie. Versamelde opstelle deel 2, 25-51. Universiteit van Pretoria.
- 1982b. Opmerkings rondom die basiese probleem van die Christelike Etiek. Versamelde opstelle deel 4, 61-79. Universiteit van Pretoria.
- 1982c. Vyf en twintig jaar – 'n terugblik (1977). Versamelde opstelle deel 4, 1-13. Universiteit van Pretoria.
- Kerk en wêreld 2000* 1985. Pretoria: KITAL.
- Koekemoer, J H 1989a. Teologiesering vir die gesekulariseerde mens. *HTS* 45, 401-411.
- 1989b. Dogmatiek binne kofessionele verband. Professorale intrede: Universiteit van Pretoria.
- Loader, J A 1987. 'Tertium datur' – oor die etiese waarheidsbegrip. *HTS* 43, 47-57.
- 1989. Ontstaan en eerste periode van die Hervormde teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 45, 412-437.

- Mans, C J 1967. Die lewe en werk van die dogmatikus P J Muller. Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Oberhoizer, J P 1988. Barend Jacobus Engelbrecht – 'n oorsig en waardering. *HTS* 44, 265-274.
- Ott, H 1981. Die Antwort des Glaubens. Stuttgart: Kreuz-Verlag.
- Snyman, J J & du Plessis P G W 1987. *Wetenskapsbeelde in die Geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN.